LAERSKOOL SWARTKOP

H/v Viking & Campbellweg Valhalla 0185 Posbus 21025 Valhalla 0137
Tel 012 654 1181 / 087 110 0191 Faks 086 560 1819
e-pos kantoor@laerskoolswartkop.co.za Besoek ons webwerf by www.swarries.co.za

12 April 2018

OMSENDBRIEF 10/2018

Geagte ouers

Hiermee die volgende vir u kennisname:

1. UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Die skrywer Christian Nestell Bovee het op 'n keer gesê: " *There is great beauty in going through life without anxiety or fear. Half fears are baseless, and the other half discreditable*."

Welkom terug aan almal na die vakansie. Ons rugby-, netbal- en skaakspanne speel eerskomende naweek in die RMS reeks en begin binnekort met ligawedstryde. Sommige van ons seuns en dogters neem ook aan provinsiale proewe deel. Ons wens hulle sterkte toe en glo hulle sal raakgesien word. Op kultuurterrein woel dinge ook en tree ons koor en redenaars ook tans op. Ons vra ook dat u, as ouers, die leerders sal ondersteun en waar moontlik, optredes en wedstryde sal bywoon.

Ons wil u as ouers vriendelik versoek om die skool by te staan in die volgende sake:

- dat u kind betyds is vir skool (voor 7:30). Laatkommers benadeel die toegangsbeheer en sekuriteit van die skool.
- dat u die personeel se afdakke/parkeerplekke sal respekteer en nie daar sal parkeer in die oggende nie. (Die personeel betaal vir hierdie afdakke)
- om toe te sien dat u kind nie onnodig afwesig is van skool nie en dat hy/sy die skoolreëls sal nakom.
- om toe te sien dat u kind gereeld sport- en kultuuroefeninge bywoon, sodat spanne sinvol kan oefen.
- om toe te sien dat u kind se voorkoms (kleredrag en hare) voldoen aan die skool se voorkomsreëls.
- om toe te sien dat u kind (Graad 4 - 7 leerders) vroegtydig begin voorberei vir die eksamen wat in Junie in aanvang neem.
- dat u asseblief u finansiële verpligtinge (skoolgeld) teenoor die skool sal nakom.

Bogenoemde is noodsaaklik vir effektiewe onderrig en om skoolaktiwiteite op 'n hoë vlak te kan bedryf.

Byvoorbaat dankie vir u ondersteuning en belangstelling in u kind se skoolloopbaan.

" *God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het." - Efesiërs 2:10*

2. 6-DAG ROOSTER en WEEKROGRAM (GR 4-7)

Weeksdag	Rooster	Belangrikste gebeure vir die week
Maandag, 16de April	Dag 5	
Dinsdag, 17de	Dag 6	
Woensdag, 18de	Dag 1	Snr Revue opname by Protrax
Donderdag, 19de	Dag 2	Netbal liga teen L/s Anton van Wouw (Tuis), Rugby vriendskaplik teen L/s Tuine (Weg)
Vrydag, 20ste	-	KASKARDAG, Leierskap ontwikkeling gr 6, Leerlingraadkamp
Saterdag, 21ste	-	ATKV Redenaars (H/s Menlopark), Skaakliga in Saal, Klublandloop te H/s Uitsig, Bulletjie Rugby te Monumentpark, Mini-Netbal te Hermanstad

3. WINTERSDRAG

As gevolg van die seisoen wat besig is om te draai is die kinders welkom om nou reeds wintersdrag te dra. Ons skakel formeel oor op Woensdag, 2 Mei.

4. SKENKINGS GEVRA

Ons het 'n groot tekort aan formele wintersdrag by die skool se tweedehandse klerewinkel. Enige skenkings sal baie waardeer word, veral truie, langbroeke en rompies vir die dogters.

5. SKOOLSWEETPAKKE

Die skool se sweetpakke is by Wierdapark Uitrusters beskikbaar. Dit is nie verpligtend nie, maar kan gedra word tydens sportgeleenthede.

6. SWARRIE UITBLINKERS

Baie geluk aan die volgende leerders met hulle prestasies:

Mimi Heydenrych (Gr 1) behaal 'n 1ste plek in Vlak 1 o/7 by die Eldosterre Gimnastiekklub kompetisie.
Katherine Davis-Hannibal (Gr 3) behaal 'n 1ste plek in Vlak 1 o/9 by Eldosterre Gimnastiekklub kompetisie.
Xander Butler (Gr 3) behaal 'n silwer medalje vir stoei by die Mpumalanga Ope.
JC Kleynhans, Victor Kleynhans, George Vermeulen, Ané Schuster en Nicolaas Ras wen die Junior Spanskaak by Mall@Reds.
Christjan Pienaar, Jeandré Jansen, Ryan Dyason en James Potgieter ontvang provinsiale kleure in Binneshuise Krieket en verteenwoordig Gauteng-Noord provinsie by die SA Kampioenskappe.
Lana Bekker verwerf 'n brons medalje by die SA National Karate Championships in Durban vir dogters 10-11.

Groete

_____

MNR M VAN DER MERWE
SKOOLHOOF